# ONTMOETINGS MET GOD

# Deel 3 - Petrus

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Vertel van 'n gebeurtenis, keuse of ontmoeting wat jou lewe in 'n ander rigting gestuur het? Wat het gebeur? Wanneer het dit gebeur? Hoe het dit jou lewe verander?**

**Wat dink jy is een van die grootste faktore wat maak dat Christene sukkel om gehoorsaam te wees aan wat God vir hulle vra? Verduidelik.**

**Wie is van jou geloofshelde in die Bybel? Hoekom? Watter impak het hulle stories al in jou lewe gemaak?**

**Watter stories sou jy wou hê moet mense oor jou geloof in Jesus vertel? Watter impak sou jy wou maak in hierdie lewe vir God se koninkryk? Hoekom?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**1 Johannes 2:3-5; 3:24; 5:3. Wat staan vir jou uit in hierdie verse? Wat kommunikeer ons gehoorsaamheid aan God en die wêreld?**

---

---

---

**Johannes 15:7-14. Wat het Jesus gesê oor gehoorsaamheid aan Hom in hierdie gedeelte?**

---

---

---

**Filippus 2:8. Wat het Jesus se gehoorsaamheid Hom gekos? Wat het sy gehoorsaamheid teweeg gebring?**

---

---

---

**Wat het jou gehoorsaamheid aan God jou al gekos? Wat dink jy kan dit teweeg bring?**

---

---

---

**Jakobus 1:22-25. Hoe belangrik is gehoorsaamheid volgens Jakobus? Wat ervaar die persoon wat gehoorsaam is, volgens vers 25?**

---

---

---

**In die preek is 4 beginsels genoem wat ons kan leer uit Petrus se ontmoeting met Jesus: 1) Begin met die klein dinge; 2) Neem 'n geloofstap; 3) Gehoorsaam vir groter openbarings: en 4) Leef vanuit 'n nuwe missie en uitkyk. Watter een van hierdie punte het die meeste tot jou gespreek? Verduidelik. Hoe kan jy dit hierdie week begin implementeer in jou lewe?**

---

---

---

---

**Indien jy aan die 21 Dae Vas en Gebed deel geneem het, wat ervaar jy is iets wat die Here vir jou kom wys het in hierdie tyd? Wat ervaar jy is iets wat jy  moet doen? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun en help?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**